# DR ELIA MARIUS VAN TONDER

Op 7 Augustus 1989 het ons alombekende en geëerde kollega, Marius van Tonder, skielik in Middelburg, Kaap, heengegaan. Met sy afsterwe het die veterinêre professie 'puik navorser en leier in die kleinveebedryf verloor.

Hy is op 26 September 1938 in die distrik Vryburg gebore en het in 1961 op Onderstepoort as veearts gekwalifiseer. Hierna het hy as staatsveearts op De Aar met sy loopbaan begin. Dit is ook hier dat sy intieme betrokkenheid met die kleinveebedryf begin. In 1967 word hy na Middelburg,Kaap, verplaas en in 1968 word hy hoof van die Veterinêre Streekslaboratorium aldaar, 'n posisie wat hy vir bykans 20 jaar sou beklee. Onder sy bekwame leiding het die laboratorium 'n reeks uitmuntende navorsingsprestasies behaal, en in 1977 verwerf hy die graad D VSc vir sy navorsingswerk oor Actinobacillosis semiosis-besmetting in ramme.

Met bykans veertig wetenskaplike en oor die honderd populêre artikels en ook meer as vyf-en-twintig referate gelewer tydens wetenskaplike vergaderings, het hy deurgaans bewys van sy akademiese vermoë gelewer. Weens sy volgehoue dienste aan die veterinêre beroep, word die SAVV se Silwer Medalje in 1985 aan hom toegeken.

Sy werkywer, sy drang na kennis, sy kritiese benadering tot probleemoplossing, en sy vermoë om ander te help en te inspireer sal altyd deur sy kollegas onthou word. Sy manier om gewigtige sake op 'n humoristiese wyse aan te pak, het menige vergaderings op die regte tyd laat lag. Hy kon sy kollegas vir ure vermaak met sy grappe en eiesoortige stories.

In sy private lewe was Marius baie lief vir sy gesin en vriende en was hy altyd bereid om mense met probleme te help. Hy het in talle verenigings gedien, dikwels as president of voorsitter en het vir jare as raadslid en later selfs as burgemeester van Middelburg gedien.

Die Vereniging spreek sy innige meegevoel teenoor sy naasbestaandes uit.

***G F BATH***